

**19 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 22:1-22;  
Matteus 27:32-50 (OAV)  
Fokusgedeelte: Psalm 22:12**

**Jesus is verlaat sodat ons nooit verlaat sou word nie**

Dawid is hier aan die woord as 'n skadubeeld van ons Here Jesus Christus. Dawid vertel van 'n baie donker tyd van sy lewe. Alles en almal is teen hom. Hy maak van beelde uit die diereryk gebruik om die aanslag van sy vyande te beskryf: verskeurende, brullende leeus wat hom wil verslind (vers 14,22); wilde beeste (vers 13,22) en honde (vers 21) wat hom omring. Hy is so verneder en mishandel dat hy sy menswaardigheid verloor het en soos 'n wurm voel. Hy is gesmaad en verag (vers 7).

Baie van hierdie vertellings stem ooreen met dit wat met ons Here Jesus gebeur het. Jesus is ook verneder, mishandel, verag, gesmaad en gespot. Vergelyk maar vers 8 en 9: "Almal wat my sien, spot met my; hulle steek die lip uit, hulle skud die hoof en sê: Laat dit aan die HERE oor! Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry: Hy het mos behae in hom!" Ook vers 16: "My krag is verdroog soos 'n potskerf, en my tong kleef aan my verhemelte; en U lê my neer in die stof van die dood." Jesus was so uitgeput dat Simon van Cirene sy kruis moes help dra. Jesus het uitgeroep: "Ek het dors!" Jesus het gesê: "In U hande gee Ek my gees oor." Jesus se klere is ook verdeel en die lot daarvoor gewerp (vgl vers 19). Jesus het ook gesê: "My God, my God, waarom het U my verlaat...?"

Jesus is deur God verlaat en tot die dood toe verneder omdat Hy as enigste Hoëpriester en Middelaar met die vraag van óns sondes op sy skouers Homself geoffer het en blootgestel het aan God se toorn oor ons sonde. Hy het daardeur God se toorn jeens my as sondaar afgeweer. Sy lyding veroorsaak dat ek nie ewig sal ly nie en nie die ewige dood hoef te sterf nie. Deur Jesus se Godverlatenheid het God Dawid se gebed verhoor dat die Here nie ver van hom af moet wees nie (vers 12,20).

Sing: Skrifberyming 6:4-7

Ds AH Stavast (Mosselbaai)